# MENSLIKE VRYHEID [1])

1. *Probleemaanvoring:*

'n Mens se opvatting van vryheid hang af van sy lewens- en wêreldbeskouing (wo. sy religieuse geloof) en sy „ervaring" én (wetenskaplik:) van sy Godsidee (resp. idee van die „Absolute" of „Algenoegsame"), sy mensidee en sy wêreldidee (of kosmosidee) asook van sy opvatting van die onderlinge verhouding van God (resp. die „Absolute"), mens en wêreld (wo. die met hierdie verhoudings gegewe wetsidee of idee van die wetsorde). En hoe verskil by wetenskaplikes (teoloë, wysgere en vakwetenskaplikes) nie al hierdie ideë nie! Dit is dan ook geen wonder dat daar so baie (onderling botsende) vryheidsbeskouings bestaan nie — te meer waar die vryheidsprobleem besonder ingewikkeld en moeilik is!

Die onderhawige poging om in enkele hooflyne 'n ontleding van menslike vryheid te bied,[2]) hou rekening met die lig wat Gods Woord op hierdie vraagstuk bied, en mag Calvinisties genoem word. Wat my by ander Calvinistiese beskouings oor vryheid[3]) bemoeilik, is aan die een kant dat hulle 'n skriftuurlike benadering van menslike vryheid verbind met skolastiese en humanistiese probleemstellings en aan die ander kant dat hulle trekke (resp. waarheidsmomente) van menslike vryheid (soos bv. moontlikheid van keuse, „vanselfheid" (resp. spontaneïteit), wetsgebondenheid, verantwoordelikheid, sonde, wedergeboorte en dit alles in verhouding tot die voorbeskikking van God) as 't ware los aanmekaar skakel, waarby 'n insig in die eenheid van menslike vryheid (en die innerlike samehang van die betrokke trekke) ontbreek. Of en in hoever die onderhawige vryheidsopvatting meer bevredigend sou wees, sal toekomstige kritiek daarop moet uitwys.

2. *Valse probleemstellings i.s. menslike vryheid:*

a. Sommige ondersoek menslike (bv. wils-) vryheid

as 'n „neutrale" idion (resp. „verskynsel") sonder om hulle te verantwoord oor hul veronderstellings aangaande God, mens, wêreld, wet ens. wat hul opvatting van wat vryheid eintlik is, tog medebepaal. Menslike (bv. wils-) vryheid bestaan nie as 'n geïsoleerde resp. isoleerbare idion (resp. „verskynsel") en kan dus ook nie „neutraal" ondersoek word nie.

b. Sommige vereenselwig 'n vooropgestelde begrip van vryheid met vryheid self. Die gevolglike ontleding van menslike vryheid is dan eerder 'n begripsontleding as 'n ontleding van die idion „vryheid" self. Ons behoort menslike vryheid self te vind, te „sien" en te ontleed.

c. Dikwels word na „vryheid in die algemeen" i.p.v. na „ménslike vryheid" gevra. Daar bestaan 'n absolute onderskeid tussen die vrymag (vryheid) van God en menslike vryheid en 'n radikale onderskeid tussen menslike vryheid aan die een kant en die verskillende „vryhede" gegee met bv. instinktiewe „handelings" van diere, met vanselfse (en onbelemmerde) groei van plante en met die „vrye" beweging van 'n stoflike liggaam deur die ruimte. 'n Analise van „vryheid in die algemeen" hou met hierdie onderskeidings geen rekening nie en is gevolglik verwarrend, antinomies en nominalisties. Ons behoort — weens sy uniékheid — te vra na ménslike vryheid (en so ook mutatis mutandis na elk van die ander „vryhede" en daarna na hul onderlinge verhoudings).

d. Dikwels word menslike vryheid negatief opgevat i. as die nie-afhanklike (nie-bepaalde, nie-gedetermineerde, nie-gekondisioneerde ensovoorts), ii. as onafhanklikheid (onbepaaldheid ensovoorts) en iii. as opheffing van 'n vryheidsbelemmerende mag. Hiervan is i. onwaar, want menslike vryheid is op 'n legio van wyses afhanklik van God, mens en wêreld en selfs van bv. die lug wat jy inasem; is ii. ook onwaar en bowendien sowel nominalisties as 'n verabsolutering ('n teoretiese vergoddeliking) van menslike vryheid, omdat dit nie tussen die vrymag van God en menslike vryheid onderskei nie; en is iii. 'n petitio principii omdat die term „vryheid" sowel in die

definiens as in die definisie voorkom. Maar al drie bied negatiewe vryheidsbeskouings en stel wat menslike vryheid nié is nie, terwyl ons vryheid sélf pósitief in hande moet kry en dit sélf pósitief moet „sien" soos mutatis mutandis 'n plantkundige 'n betrokke plant self positief waarneem.

e. 'n Taamlik algemeen verspreide valse probleemstelling is die metodiese (en logiese) fout van „pars pro toto". Daar bestaan 'n legio van partikuliere vryhede (wo. individuele, sosiale, volkse, staatse, politieke, godsdiens-, geloofs-, gewetens-, sedelike, wils-, intellektuele, vryhede, vryheid van liefde, van taalvorming, van spraak, van kunsskepping en -waardering ensovoorts). Met die pars-pro-toto-fout word getrag om die héle menslike vryheid uit 'n *partikuliere* vryheid te verstaan, d.w.s. word die *hele* menslike vryheid tot 'n *partikuliere* vryheid gereduseer. Die mees klassieke voorbeeld hiervan is wel dié om die *hele* menslike vryheid uit die *partikuliere* wílsvryheid te verstaan. Die onhoudbaarheid hiervan blyk o.a. daaruit dat die stem van die gewete juis teen die wil ingaan en dat mens nie met 'n wilsbesluit kan glo, lief hê of kuns kan waardeer ensovoorts nie. Dieselfde soort fout maak bv. liberaliste wat die *hele* menslike vryheid net uit individuele vryheid, én bv. die nasionaalsosialiste wat die *hele* menslike vryheid net uit 'n sosiale (i.c. volkse) vryheid wil verstaan. Ons behoort eers die *hele* menslike vryheid te vind en vervolgens na te gaan hoe dit hom „uitdruk" in al die betrokke onderskeie *partikuliere* vryhede.

f. Ook 'n taamlik algemeen verspreide valse probleemstelling is die vereenselwiging van die moontlikheid van keuse (ook wel foutieflik kiesvryheid genoem) met menslike vryheid. Dat die mens 'n moontlikheid van keuse het weet élkeen van u uit sy eie „ervaring", telkens wanneer u voor 'n keuse te staan kom. As daar geen moontlikheid van keuse was nie, dan hoort iemand met 'n slegte gewete eintlik in 'n kranksinnige gestig tuis; en dan sou bv. gebooie en norme (wat hul oortreebaarheid impliseer), die maak en aanvaar van beloftes ensovoorts

geen sin gehad het nie. Maar genoeg. Die moontlikheid van keuse is egter nog maar net louter positiewe móóntlikheid en niks meer nie; d.w.s. dit is nog geen menslike vryheid nie ('n waarheid wat prof. dr. J. D. du Toit my leer insien het, toe ek met hierdie probleem geworstel het). Vryheid is eers gegee waar die mens bv. kies en „handel". Moontlikheid van keuse „bestaan" vóórdat bv. gekies word, vóórdat vryheid aktueel en positief „bestaan". Moontlikheid van keuse is egter vir vryheid noodsaaklik: dit is 'n *voorwaarde* van menslike vryheid, waarsonder menslike vryheid nie *toerekenbaar* sou kon wees en die mens van bv. sy keuse en „handelings" geen rekenskap sou kon gegee het en van hom geen rekenskap sou kon geverg geword het nie, en die mens bv. soos 'n rat in 'n masjien sou gewees het. Wie egter moontlikheid van keuse en menslike vryheid vereenselwig, verhef die mens bo die wetsorde (i.c. gebooie en norms) van God en verval in die antinomieë van vryheid en wet (determinisme en indeterminisme) asook in dié van Goddelike voorbeskikking en menslike vryheid. Ons behoort die moontlikheid van keuse as voorwaarde van menslike vryheid te ondersoek en dit nie met menslike vryheid te vereenselwig nie.

g. 'n Aan die voorgaande teenoorgestelde valse probleemstelling is om met 'n deterministiese opvatting van Gods voorbeskikking of met 'n deterministiese wetsidee te begin en daaruit af te lei dat 'n moontlikheid van keuse nie kan bestaan en gevolglik die mens nie vry kan wees nie. Wie dit doen verval ook in die antinomieë so pas genoem. Tog is alles (en ook menslike vryheid) aan die variasieryke wetsorde Gods vir die skepping onderworpe, en is menslike vryheid bowendien onderworpe aan die besondere behorenseise gegee met wat sy hand vind om te doen (al behoort laasgenoemde altyd gesien te word in die lig van die normatiewe wetsorde van God). Onderworpenheid aan alle behorenseise (wo. die wetsorde) is ook 'n *voorwaarde* vir die menslike bestaan en al sy doen en late, en dus ook vir sy vryheid. Ons behoort die idion („verskynsel") van menslike vryheid

self te vind en na te gaan hoe onderworpenheid aan behorenseise voorwaarde van menslike vryheid is. Dan sal ons ook insien dat hierdie onderworpenheid aan menslike vryheid sy *orde* verskaf en dat die menslike vryheid daarvolgens nie net toerekenbaar is nie, maar bowendien *verantwoordelik*.

h. 'n Laaste valse probleemstelling wat ek kortliks wil stel, is om nie te onderskei tussen wat Calvyn noem „die orde van die skepping" en die „orde van sondeval en verlossing" nie (ordes wat ons nie dualisties mag skei nie, maar wel behoort te onderskei). Volgens die „orde van sondeval en verlossing" is ons algar sondeslawe (al is die wedergeborenes in begínsel van sonde verlos). Wie sy ondersoek begin volgens „die orde van sondeval" sal moeilik vryheid self kan vind om dit te ontleed. Ons behoort met die „orde van die skepping" te begin (d.w.s. vryheid ondersoek met 'n metodiese afsien van die verslawende invloed van die sonde en die hiermee vereiste verlossing van sonde deur Christus). Dít is metodies moontlik omdat eerstens die lig van Gods Woord hierdie moontlikheid bied, tweedens omdat die mens — nieteenstaande die val — méns gebly het, en derdens omdat — soos Calvyn dit stel — in die mens vryheidvonkies oorgebly het (hoe dit ookal telkens weer deur sonde vervals mag word) en menslike vryheid wel verbreek en bedorwe, maar nie vernietig is nie. Het ons eenmaal gevind wat menslike vryheid volgens „die orde van die skepping" is, behoort ons daarna na te gaan watter lig „die orde van sondeval en verlossing" op die idion („verskynsel") van vryheid werp; natuurlik met dien verstande dat ons nie in bv. die foutiewe Roomse dualisme van natuur en genade verval nie.

## 3. *Wat is menslike vryheid?*

a. *Inleidend:*

Ons soek dus die pósitiewe, héle, uniéke ménslike vryheid. Die mens staan egter in 'n drieërlei verhouding, nl. tot God, die mens (as beelddraer van God) sélf en

die wêreld (of kosmos: stof, plant, dier en mens). Hierdie drieërlei verhouding laat ons die héle menslike vryheid in drie tipes onderskei. 'n Ondersoek van wat hierdie drie tipes gemeenskaplik tot uitdrukking bring, laat ons die totále vryheid van die mens vind.

b. *Die hele menslike vryheid in sy verhouding tot die wêreld:*

i. Ons begin *illustratief* (sonder om in die valse probleemstelling van „pars pro toto" te verval) met 'n ontleding van wetenskaplike vryheid.

As ons wil vind wat wetenskaplike vryheid eintlik is, moet ons al die betrokke „handelings" van die wetenskaplike m.b.t. sy wetenskapsbou vergelyk, wo. probleemstelling, ontwaring (soos bv. sintuiglike waarneming, introspeksie, waarkeuring, intuïtiewe insig ensovoorts), denke (vorming van begrippe en van oordele en afleiding van oordele), vorming van moontlike verklarings (wo. hipoteses), verifikasie, sistematisering van die vindings en bevindings, vorming van modelle, teorieë ensovoorts, vorming van kennis (wat meer is as denke en teorievorming) ensovoorts. Noukeurige ondersoek laat blyk dat gemeenskaplik aan al hierdie „handelings" *héérskappy* is. Die wetenskaplike behéérs sy veld van ondersoek, die literatuur op sy vakgebied ensovoorts; hy héérs as hy ondersoek, dink, verklarings vind, verifieer, wetenskap bou ensovoorts. Maar is op die keper beskou kunsskepping en -waardering, vervaardiging, distribusie en verbruik van ekonomiese goedere, tegniek, taalvorming en -gebruik, regsvorming en -handhawing, huweliksluiting, gesinsvorming, staatsvorming ensovoorts, in die algemeen: kultuurvorming — is dit alles nie ook *héérskappy* nie? Wat verhinder ons om hierdie menslike *héér*skappy as vryheid op te vat? Sou hierdie *héér*-wees van Gods skepping (vgl. die kultuurgebod van Gen. 1 : 25), hierdie *héér*-s, hierdie be-*héér* en be-*héér*-s, hierdie menslike *héér*-likheid (in dubbel sin verstaan) nie pósitiewe, héle, uniéke, ménslike vryheid wees nie? Maar dit stel

juis ook die Nuwe Testament, waar dit die mens as die vrye, die héér, stel teenoor sondeverslawing. Die teëstelling tot menslike vryheids is nie afhanklikheid en ook nie wetsonderworpenheid nie, maar slawerny. 'n Ontleding van die talryke tipes van „handelings" en van probleme i.v.m. menslike vryheid in sy verhouding tot die kosmos (vgl. die hierbo genoemde voorbeelde), laat telkens weer blyk dat vryheid as heerskappy opgevat mag word, en met hierdie ondersoek het ek nog niks gevind wat die vereenselwiging van menslike vryheid (in sy verhouding tot die kosmos) en heerskappy onhoudbaar maak of tot innerlike kontradiksies of antinomieë lei nie.

As ons daarop let dat met sy heerskappy oor die kosmos (in al sy hierbogenoemde onderskeie soorte) die mens kultuur vorm, en kultuur in vergelyking met „natuur" iets nuuts daarstel — die mens maak bv. van fisiese geluide taal en musiek, van kopererts sente, van wol klere ensovoorts — dan blyk menslike vryheid (= heerskappy) kultuurskepping („creativity") te wees. Sowel in sy heerskappy as in sy kultuurskepping is die mens beelddraer van God, Skepper van hemel en aarde en absolute Soeverein oor alles wat Hy geskape het. Maar menslike vryheid (as heerskappy en kultuurskepping) is kreatuurlik, geheel en al onselfgenoegsaam, absoluut onderskeie van die vrymag (skeppe en heers) van God — waarvan dit juis afhanklik is.

ii. 'n Ondersoek van wetenskaplike vryheid (as heerskappy) laat blyk dat dit as *voorwaarde* 'n moontlikheid van keuse het. Die wetenskaplike het die moontlikhede om dit te ondersoek of dit nie te ondersoek nie, om dit of dat te ondersoek en om dit sus of so te ondersoek, of om nou dit sus en dan dat so te ondersoek; het 'n moontlikheid van keuse met sy probleemstellings, ontwarings, denke, teorievorming ensovoorts. Daarsonder kan hy wetenskaplik nie héér wees, héér-s en be-héér-s, m.a.w. vry wees nie. Daarsonder kan bowendien sy wetenskapsbou nie *toerekenbaar* wees, kan hy van sy bevindings geen rekenskap gee en kan van hom geen rekenskap geverg word nie. Maar hierdie moontlikheid van

keuse is louter positiewe moontlikheid, geen daadwerklike „handeling" en dus ook geen vryheid nie. Geld dit (nl. dat moontlikheid van keuse voorwaarde van vryheid en grond van toerekenbaarheid is) mutatis mutandis nie ook van al die ander soorte van menslike heerskappy (resp. kultuurskepping) hierbo genoem nie? Hier kan ons dit nie in besonderhede aantoon nie.

Hierdie moontlikheid van keuse is kreatuurlik beperk. Die mens kan bv. nie oor 'n berg spring nie. So is ook die moontlikhede vir sy wetenskaplike keuse kreatuurlik beperk. Dit hoef ons hier nie verder te adstrueer nie.

iii. 'n Ondersoek van wetenskaplike vryheid (as héér-skappy) laat blyk dat *onderworpenheid aan behorenseise* (wo. die betrokke norms en wat die mens se hand vind om te doen) ook 'n *voorwaarde* van wetenskaplike vryheid (van wetenskaplike heerskappy) is. Die wetenskaplike kan as vrye alleen heers op voorwaarde dat hy gehoor gee, gehoorsaam is, hom onvoorwaardelik onderwerp aan wat hy behoort te doen! Gestel die wetenskaplike sou hom nié aan die wette (resp. norme) van die kenne en denke steur nie en hulle na hartelus oortree, dan mag hy fantastiese en innerlike kontradiktoriese absurditeit en onsin vorm, maar geen wetenskap en is hy dus nie wetenskaplik vry nie. Om wetenskaplik te héérs (vry te wees) moet hy onvoorwaardelik hom aan die eise van die ken- en denkwette onderwerp. Wat sy veld van ondersoek betref (bv. feite), kan hy as wetenskaplike slegs héérs (d.w.s. vry wees) as hy onvoorwaardelik rekening hou met bv. feite en die wette wat vir hulle geld, d.w.s. feite en hul wette erken, daaraan gehoor gee, daarvoor „buig" en in hierdie sin hom aan bv. die feite en hul wette onderwerp. Doen hy dit nie, kan hy nie wetenskaplik verstaan en verklaar, d.w.s. wetenskaplik vry wees nie. Ook moet hy rekening hou met sy besondere aanleg en talente (en wette en norme wat daarvoor geld) en die persoonlike aard resp. begrensdheid daarvan, as hy wetenskaplik vry wil wees. Onderworpenheid (gehoorsaamheid) aan behorenseise (en die daarmee ge-

gewe wetsorde) vorm nie 'n teëstelling tot menslike vryheid nie, maar is die voorwaarde daarvan. In hierdie sin is menslike vryheid wetsvervulling. En dit geld mutatis mutandis vir al die ander hierbo genoemde soorte van menslike vryheid as heerskappy (resp. as kultuurskepping).

Sonder onderworpenheid aan behorenseise (wo. die normatiewe wetsorde) is menslike heerskappy (vryheid) nie moontlik nie. Nog meer, hierdie onderworpenheid (gehoorsaamheid) waarborg die *orde* van menslike vryheid. (Was menslike vryheid identies met moontlikheid van keuse en kon die mens gevolglik na willekeur kies of hy die behorenseise sal gehoorsaam of oortree, dan het net willekeur en chaos geheers, waarby vryheid sy eie orde verloor het. Ons kom hierop terug). Nog meer, onderworpenheid aan behorenseise as voorwaarde van menslike heerskappy (vryheid), maak menslike vryheid *verantwoordelik*. Waar toerekenbaarheid (gegee met moontlikheid van keuse as voorwaarde van menslike vryheid) nog niks stel van wát die mens behóórt te doen en hóe hy dit behóórt te doen nie, daar bepaal onderworpenheid aan behorenseise (waaronder die mens ás méns staan) dat die mens dít en nié dát en dít sús en nie só nie, behóórt te doen; en slegs kragtens gehoorsaamheid aan behorenseise (gegrond in 'n toerekenbare moontlikheid van keuse) kan menslike vryheid verantwoordelik wees. Geld dit alles nie ook van die ander soorte van menslike vryheid (heerskappy resp. kultuurskepping) hierbo genoem nie? Ook hierop kan ons hier nie in besonderhede ingaan nie.

iv. Voordat ons met die ontleding van menslike vryheid verder gaan, moet eers op nog 'n valse probleemstelling gewys word. Uit 'n ondersoek van menslike vryheid as heerskappy (met sy voorwaardes van moontlikheid van keuse en onderworpenheid aan behorenseise) blyk dat met die menslike vryheid 'n taak gestel en vervul word. (Ons kom later hierop terug). In die kritiek op die valse probleemstelling, nl. dat vryheid nié négatief bepaal mag word deur dit as 'n „vry te wees ván . . ."

te verstaan nie, word dikwels gestel dat ons vryheid pósitief moet soek in die „vry te wees tót..." of „vry te wees óm te...". Maar hierdie beskouing dat vryheid geheel en al verstaanbaar sou wees as 'n vryheid om 'n bepaalde taak te vervul (al vervul mens met sy vryheid take) is ook weer 'n pars-pro-toto-opvatting van menslike vryheid, en los die vryheidsprobleem eintlik nie op nie. Want ons kan vra: „vry tot wát?" of „vry om wát te doen?" Is die mens *vrý* om te steel en jouself sodoende te verryk? Is die V.V.O. *vry* om in Suid-Afrika se huishoudelike sake in te gryp? Hierdie „vryheid tót..." of „vryheid óm te..." skakel eerstens die vereenselwiging van menslike vryheid met die moontlikheid van keuse nie uit nie en stel tweedens nie dat onderworpenheid aan behorenseise voorwaarde van menslike vryheid is nie. Bowendien is die „vryheid tót..." of die „vryheid óm te..." te eng en bied dit 'n pars-pro-toto-visie van menslike vryheid, omdat menslike vryheid (i.c. as heerskappy in sy verhouding tot die kosmos) as áktuele heerskappy (dáádwerklike taakvervulling) die „vryheid tot.." of die „vryheid om te..." insluit (gegrond soos dit is in 'n moontlikheid van keuse en soos dit 'n onderworpenheid aan behorenseise veronderstel).

v. In hierdie verband vereis twee praktiese probleme ons aandag.

a. Die moontlikheid van keuse (kreatuurlik beperk soos dit is: mens kan nie van 'n hond 'n aap maak of oor 'n berg spring nie) kan willekeurig ingeperk word; bv. iemand kan in 'n gevangenis gewerp word. Maar dan word sy vryheid nie vernietig nie. Want hy bly mens. Sy vryheid word dan net ingeperk omdat sy moontlikheid van keuse ingeperk is. Ook in die gevangenis is hy nóg vry. (Nog altyd gesien volgens „die orde van skepping"). Binne die perke van die willekeurige inperking van sy moontlikheid van keuse en daarmee van sy vryheid (i.c. as heerskappy) behou die gevangene nóg die vryheid van bv. heen en weer loop, uit en aan trek, desgewens van lees en studeer, van dink, van hom in sy verbeelding te verlustig ens. en (i.c. as diens van God) van God te

aanbid, te loof, te dank, te smeek ensovoorts. Slegs t.o.v. die moontlikheid van keuse wat met die inperking uitgesluit is, is hy nie meer vry nie. Sy begeerte is dan ook om van hierdie inperking van sy moontlikheid van keuse (en daarmee van sy vryheid) los te kom. Hierdie hunkering om „los („vry?") te wees ván die inperking" verlei hom om sy vrýheid negatief op te vat as 'n „vryheid ván...". Was menslike vryheid as sodanig 'n „vryheid ván...", dan sou menslike vryheid ook moet wees 'n „vry wees van behorenseise" (vryheid is dan: ek kan doen net wat ek wil) en selfs 'n „vry wees van die wil van God". Hierdie valse vryheidsopvatting is uiteindelik maar dieselfde as die so eg humanistiese beskouing wat menslike vryheid met moontlikheid van keuse vereenselwig, waarby op die keper beskou menslike vryheid verabsoluteer (vergoddelik) word en menslike vryheid die wil van God as bedreiging en vernedering opvat.

b. Voorwaarde van menslike vryheid is onderworpenheid aan behorenseise. Daarmee is (volgens „die orde van skepping") behorenseise bedoel, waaraan die mens ás méns onderworpe is, en wat hul uiteindelike grond in die skeppings- en bestieringswil van God vind. Hiervan moet ons onderskei behorenseise wat deur die mens (bv. met staatswette, gesinsreëls, universiteitsregulasies, usansies of etikette en kodes van gedrag) gepositiveer is. Laasgenoemde veronderstel eersgenoemdes en behoort aan eersgenoemdes te beantwoord.

Maar in die praktyk kry ons juis te doen met die deur die mens gepositiveerde behorenseise, wat in betrokke opsigte in stryd is met die behorenseise waaraan die mens ás méns onderworpe is. Die hier aangeduide spanning tussen beide kan ons slegs benader as ons vryheid ook ondersoek volgens „die orde van sondeval (en verlossing)". Wie tussen beide ordes (en hul verhouding) en tussen die twee soorte van behorenseise nie onderskei nie, verwar die vryheidsprobleem.

Hiervan gee ons twee voorbeelde. (a) Was gepositiveerde behorenseise as sodanig voorwaarde van menslike vryheid, dan sou bv. diefstal (onderneem in gehoorsaam-

heid aan die reëls van 'n diewebende — wat as gehóórsaamheid moontlikheid van keuse veronderstel) menslike vryheid gewees het. (b) As persvryheid nie as voorwaarde gehad het onderworpenheid aan behorenseise waaronder die mens ás méns staan nie, dan kon die pers in sy vryheid na hartelus gelieg het. Maar nou vereenselwig bv. die humanis (i.c. die liberalis) persvryheid met die moontlikheid van keuse vir die pers en voel dit 'n gepositiveerde perskode as 'n gevaar en bedreiging vir sy persvryheid aan. Hierop kan ons hier nie verder ingaan nie.

As ons menslike vryheid onder „die orde van sondeval (en verlossing)" ondersoek en vra na die verhouding van menslike vryheid tot gepositiveerde behorenseise, sal blyk dat aktuele en konkrete menslike vryheid 'n verskeurde en gebroke vryheid is. Ook hierop kan ons hier nie ingaan nie (omdat hierdie artikel die ondersoek van menslike vryheid beperk tot „die orde van die skepping"), behalwe om op te merk dat die Skrifgelowige (i.c. die Calvinis) die gepositiveerde behorenseise op alle lewensterrein juis ook sal toets aan die lig wat Gods Woord bied, al voorkom 'n dergelike toetsing dikwels nie onderlinge meningsverskille nie. In elk geval, 'n insig van die verhouding van menslike vryheid tot gepositiveerde behorenseise kan slegs reg geskied in die lig van die verhouding van menslike vryheid tot behorenseise waaronder die mens ás méns staan.

vi. 'n Laaste paar opmerkings.

Soos reeds gestel, ménslike vryheid kan nie bestaan sonder onderworpenheid aan behorenseise waaronder die mens ás méns staan nie. Dit beteken dat in 'n bepaalde opsig menslike vryheid wetsvervulling is en dat menslike vryheid en die wetsorde nie kan bots nie. Wie egter die moontlikheid van keuse (daardie ander voorwaarde van menslike vryheid) as vryheid sélf opvat, met die implikasie dat die mens in sy vryheid volgens eie welbehae voor of téén die behorenseise kan kies, moet in die verhouding tussen menslike vryheid en behorenseise waaronder die mens ás méns staan, 'n onversoenlike teëstelling sien, m.a.w. in hierdie antinomie verval.

Dieper gesien is die behorenseise waaronder die mens ás méns staan ordebepalings wat hul oorsprong in die skeppings- en bestieringswil van God vind. Waar menslike vryheid slegs in onderworpenheid (gehoorsaamheid) aan hierdie behorenseise geaktualiseer kan word, beteken dit dat die vrymag van God en menslike vryheid nie kán bots nie, dat menslike vryheid slegs geaktualiseer kan word as die doen van die wil van God. (En waar die mens in verslawing tot oortreding van die behorenseise oorgaan, die vrymag van God en menslike verslawing ook nie kan bots nie, omdat die mens as verslaafde gedryf word. Dus, hetsy as vrye of as slaaf, vermag die mens niks teen die vrymag van God nie). M.a.w. menslike vryheid vind sy laaste grond in die vrymag van God, is in God veranker. Wie egter menslike vryheid met die moontlikheid van keuse vereenselwig, veranker die sg. menslike vryheid uitsluitlik in die mens sélf en moet die vrymag van God (wat aan die mens die behorenseise as voorwaarde van sy vryheid stel) as 'n onversoenlike teëstelling sien tot die sg. vryheid van die mens; hy verval dus in die antinomie van die vrymag van God en die sg. menslike vryheid. Hy moet hierin verval omdat hy die vrymag van God (en sy behorenseise) op dieselfde lyn of vlak as sy sg. menslike vryheid (= moontlikheid van keuse) plaas.

Interessant is dit in hierdie verband dat wie menslike vryheid as moontlikheid van keuse opvat (die mens kan dan self volgens sy eie welbehae voor of teen God kies) die vryheidsidee van 'n slaaf huldig, wat die bewys van sy vryheid sien in die moontlikheid om teen sy Heer „Nee!" te kan sê. So het die slang aan Adam en Eva 'n slááfse vryheidsidee voorgetower; en daardeur gepak, het hulle sondesláwe geword. Adam en Eva het nié die vryheid gehad om voor of teen God te kies nie, hulle het net die moontlikheid gehad om tussen vryheid (Godegehoorsaamheid) en slawerny (sondeverslawing) te kies.

En hier lê ons moeilike probleem. Dit lê veel dieper as die insig dat tussen die vrymag van God en menslike vryheid geen botsings kán bestaan nie. Die moeilike

probleem wil ek as volg formuleer. Die mens het (as een van die voorwaardes van menslike vryheid) 'n *moontlikheid* van keuse. (Ons sien dit nog altyd volgens „die orde van die skepping"). Hoe geskied dit dat hy op grond van die móóntlikheid van keuse of voor of teen God kies, terwyl God in sy vrymag alle dinge beskik; en verder dat as hy teen God kies en sondeslaaf word, hy alléén die skuld van sy val dra en nié God nie? Die moontlikheid van keuse is vóór die keuse daar en is die grond en voorwaarde van menslike toerekenbaarheid (terwyl sy onderworpenheid aan behorenseise die grond en voorwaarde van sy verantwoordelikheid is). Hoe geskied nou die oorgang van die moontlikheid van keuse tot die daadwerklike keuse (wat al na gelang van sy keuse vryheid of slawerny beteken), terwyl God alle dinge beskik en die méns sélf toerekenbaar (en verantwoordelik) vir sy keuse bly? Ons kan dit met 'n mate van benadering verstaan as ons twee waarhede in gedagte hou. Die eerste is die waarheid (waarop K. Dijk tereg soveel klem lê): God is Gód en die mens is méns; ons mag nooit beide op een en dieselfde lyn of vlak plaas nie, want dan moet die vrymag van God en menslike vryheid bots. Die tweede waarheid is, dat die laaste grond van die menslike keuse nié 'n outonome en outarke bevoegdheid (in sy kreatuurlikheid onafhanklik van God) is nie, maar dat die laaste grond van die menslike keuse 'n gegryp-word, 'n gepak-word, 'n oorge-haal, oorge-trek, oor-tuig, besiel, begeester word is en wel deur dit wat hy kies. Hierdie stand van sake verdien 'n diepindringende analise. Maar nou herhaal ons die vraag in ander bewoording: hoe kom dit dat die mens met sy moontlikheid van keuse gegryp, gepak, oorgehaal, oorgetrek, oortuig, besiel, begeester word resp. hom laat gryp, pak, oortrek, oortuig, besiel, begeester deur die een (Godgehoorsamende en vryheid waarborgende) of deur die ander (hom aan die sonde verslawende) moontlikheid? Adam en Eva het God en Sy proefgebod geken, maar het hulle tog laat gryp, pak, oorhaal, oortrek, oortuig, besiel en begeester deur die insig dat die vrug waarlik begeerlik

was om te eet en deur die slaafse en verslawende humanistiese voorstelling: „julle sal soos God wees". Hoe het dít geskied i.p.v. dat hulle deur God en Sy proefgebod gegryp, gepak, oortuig, besiel en begeester gebly het? Ons stuit hier op die misterie van die bestiering en leiding van God t.o.v. menslike dade, waarby die mens sy toerekenbaarheid en verantwoordelikheid nie verloor nie. Ons staan hier uiteindelik voor 'n hiperdoks (iets wat die mens se verstand te bowe gaan; rasionaliste noem dit 'n paradoks, iets wat met die menslike rede in stryd is). God alleen weet hoe dit geskied. Sy Woord beklemtoon beide: Gods vrymag én menslike verantwoordelikheid. Beide moet ons aanvaar, al gaan die samehang van beide ons verstand te bowe. Maar, en dit is belangrik, tensy ons beide aanvaar, sal ons geen juiste insig in menslike vryheid kan vorm nie.

vii. Met die laaste punte het ons eintlik van die gang van ons betoog afgedwaal, resp. verder gegaan as wat die betoog tot dusver bedoel het. Om egter tot ons probleem terug te keer: ons het illustratief menslike vryheid in sy verhouding tot die kosmos (stof, plant, dier en mens) ontleed deur wetenskaplike vryheid te ondersoek, en gevind dat dit heerskappy (resp. kultuurskepping) is. Ondersoek ons in dieselfde verhouding menslike vryheid as taalvorming en -gebruik, kunsskepping en -waardering, vervaardiging, distribusie en verbruik van ekonomiese goedere, regsvorming, huweliksluiting, staatsvorming, stigting van 'n universiteit, geskiedenisvorming, tegniek, ensovoorts, dan blyk ook in al hierdie gevalle dat elk, as partikuliere vryheid, uitdrukking is van die héle menslike vryheid as heerskappy. Want vrye wetenskap is beheerste wetenskap, vrye kuns beheerste kuns ensovoorts. M.a.w. in sy verhouding tot die kosmos is die héle vryheid van die mens héérskappy (kultuurskepping) op grond van 'n moontlikheid van keuse en in onderworpenheid aan behorenseise. Wórd egter die mens bé-heers ('n wetenskaplike deur vooroordele (wat iets anders is as veronderstellings), 'n kunstenaar deur seksdrifte, 'n ekonoom deur 'n selfsugtige

winsmotief, 'n regsvormer deur eiebelang, 'n politikus deur magsug ensovoorts), dan gee hy sy vryheid as heerskappy (resp. kultuurskepping) prys aan slawerny (en vorming van wankultuur).

c. *Die hele menslike vryheid in sy verhouding tot God.*

Ons het hier godsdiens as die diens van God in engere sin op die oog, soos gegee met gemeentlike samekoms, huisgodsdiens, binnekamergebed ensovoorts. Later gaan ons in op die diens van God in ruimer sin (d.w.s. op religie).

In sy verhouding tot die kosmos (stof, plant, dier en mens) héérs die mens. M.b.t. God is menslike heerskappy uitgesluit. Daar dién hy. Diéns is iets tipies menslik. God word gedien; 'n dier kan nie dien nie. Die diens van God het as voorwaarde 'n moontlikheid van keuse, anders was dit nie toerekenbaar nie. Die diens van God vereis onderworpenheid (gehoorsaamheid) aan behorenseise (w.o. die wet van die Here), anders was dit nie verantwoordelik en het diens sy orde nie gehad nie. Ook die diens van God bevat 'n taak, 'n „om te...", is doelgerig. Vir die mens as méns is dit om in sy kreatuurlikheid God as Gód te kan, mag en behoort te dien, louter geskenk, louter voorreg. Hoër eer kan die mens as mens nie te beurt val nie. As ons menslike heerskappy in sy verhouding tot die kosmos as sy vryheid mag opvat, waarom sou menslike vryheid in sy verhouding tot God nie diens wees nie? Vryheid as diéns van God is slegs vir hom (bv. die humanis) vernederend, wat „soos God wil wees", m.a.w. God en mens as gelyke groothede op dieselfde lyn of vlak stel. Vryheid as diéns van God is vir hom onaanvaardbaar, wat 'n (vergodlikte en dus slaafse) menslike „vryheid" vereenselwig met die moontlikheid van keuse om voor of teen God te kan en te mag kies; hy verval in die onoplosbare antinomie van Goddelike vrymag en menslike vryheid. Maar wie menslike vryheid in sy verhouding tot God sien as liefdesdiens van 'n kind van God aan God, verval nie in hierdie botsing nie.

Omdat God Gód en die mens méns is, is vryheid as diens van God totalitêr (met jou hele hart, jou hele siel, jou hele verstand en ál jou kragte). Hierteenoor is menslike vryheid in sy verhouding tot die kosmos (of wêreld) as heerskappy nie totalitêr nie, juis omdat mens en kosmos beide kreatuurlik is en beide aan Gód behoort.

Diens van God is 'n pósitiewe, héle ménslike vryheid in sy verhouding tot God, wat hom in talryke partikuliére vryhede (van bv. geloof, van bid, wo. ook loof, dank en smeek, van lof toesing, van eer en verheerliking, van woordverkondiging, van sakramentegebruik, van evangelisasie en sending ensovoorts) uitdruk.

Menslike vryheid as diens van God en die vrymag van God kan nie bots nie, en waar die mens in ongeloof en sondeverslawing handel, vermag ook dit niks teen die vrymag van God nie. Maar ook in hierdie geval (hoe ons dit ookal benaderend mag verstaan) bly 'n hiperdoks oor, nl. die misterie van menslike moontlikheid van keuse (wat voorwaarde vir toerekenbare en verantwoordelike diens van God is, maar ook vir toerekenbare en verantwoordelike sondige selfverslawing) én die alles beskikkende vrymag van God. (Ons ondersoek menslike vryheid nog altyd volgens „die orde van die skepping"; eers wanneer ons menslike vryheid volgens „die orde van sondeval en verlossing" ondersoek, kom die vraag ter sprake of, hoever, in watter opsig die geválle mens nog vry is en kan wees). Ons kan egter hier nie op dit alles verder en dieper ingaan nie.

d. *Die hele menslike vryheid in sy verhouding tot die mens.*

In sy verhouding tot die kosmos (stof, plant, dier en mens) is menslike vryheid heerskappy. Selfbeheersing maar ook (waar aangewys) beheersing van, heer wees oor ander (soos gegee bv. met gesagsverhoudings, opvoeding van kinders ensovoorts) is in hierdie opsig ook vryheid, en die gehoorsame (nie totalitêre) diens van die gesagsonderdaan aan die gesagshebber (terwyl die gesagsonderdaan in sy gehoorsaamheid heers m.b.t. wat

hom te doen staan) óók. Ons kan hier op die vraagstuk van die gesagsverhouding en menslike vryheid nie ingaan nie, maar konstateer net dat 'n skriftuurlike gesagbeskouing menslike vryheid as heerskappy nie ophef nie, maar juis bevestig, omdat menslike gesag sy grond in die soewereiniteit van God vind en in die gesagsverhouding sowel die gesagshebber as die gesagsonderdaan as mens méns bly.

Máár (en dit mag in alle gesagsverhouding nooit vergeet word nie, anders word menslike gesag oor ander i.p.v. heer-sing: óórheer-sing, tirannie, onvryheid), die mens ás méns is beelddraer van die Allerhoogste (en dit geld sowel vir gesaghebber as gesagsonderdaan, ja, vir álle mense): en in hiérdie verhouding van mens tot mens kan menslike vryheid geen heerskappy wees nie; in hierdie opsig is die mens (as beeld van God) die gelyke van elke ander mens (as beeld van God). (Dit sal wel duidelik wees dat ons hier die „beeld van God" in ruimer sin en wel volgens „die orde van die skepping" bedoel). Totalitêr soos die menslike vryheid as diens van God kan hierdie vryheid van die mens in sy verhouding tot die mens ás méns ook nie wees nie, omdat mens kreatuur is. Menslike vryheid in sy verhouding tot die mens ás méns moet iets anders wees as die totalitêre liefdesdiens van God én iets anders as heerskappy oor die kosmos (stof, plant, dier en mens). Dit moet „kwalitatief" minder wees as die diens van God en „kwalitatief" meer as heerskappy oor die kosmos.

'n Aanduiding van menslike vryheid in sy verhouding tot die mens as méns (resp. as beelddraer van God) gee die tweede liefdesgebod: jy sal jou naaste net so lief hê as jouself. As ons hierdie liefde ondersoek blyk dit 'n sorg te wees. Met sorgende liefde (ook in gesagsverhoudings) word intieme persoonlike gemeenskap gevorm, deel mense mekaar se vreugde, dra hulle mekaar se laste, help hulle mekaar, waak hulle sorgend vir die onderlinge belange ensovoorts. Dit geld in alle inter- en intramenslike verhoudings: interindividueel, maar ook sosiaal (bv. in huweliks-, gesins-, volks-, staatse en ander samele-

wingskringe en in 'n besondere sin in kerklike verband, maar ook bv. tussen volke, tussen state ensovoorts). Maar dan moet ons veral let op die intiem-persoonlike band wat liefde tussen mens en mens stig. Hier is van heerskappy geen sprake nie, maar ook nie van 'n totalitêre oorgawe soos in die geval van die liefde tot God nie.

Menslike vryheid in sy verhouding tot die mens as liefdesorg het ook as voorwaardes moontlikheid van keuse (en die hiermee gegewe waarborg van toerekenbaarheid) en die onderworpenheid (gehoorsaamheid) aan behorenseise (met die hiermee gegewe waarborg van orde en verantwoordelikheid). Ook dít is doelgerig. Ook hier is liefdesorg 'n héle menslike vryheid wat hom in talryke partikuliere vryhede uitdruk. (Let maar op die so ryklik gevarieerde onderskeie liefdesdienste van die mens in sy talryke menslike verhoudings, wo. medelyde, medevreugde, huweliksliefde, ouerliefde, kinderliefde, broeder- en susterliefde, volksliefde, vaderlandsliefde in staatsverband, in besondere sin liefde in die kerklike gemeente, verder liefde van gesaghebber en gesagsonderdaan in al die betrokke onderskeie samelewingskringe ensovoorts).

Ook hier geld dat wie menslike vryheid met die moontlikheid van keuse vereenselwig in antinomieë verval (bv. van die vrymag van God en menslike vryheid, van liefde en plig, maar in die besonder ook) van „individu" en „individu" en van „individu" en „gemeenskap" en van „gemeenskap" en „gemeenskap" (vraagstukke waaroor 'n volgende artikel sal handel). Maar wie menslike vryheid in sy verhouding tot die mens, d.w.s. liefdesorg, verstaan met betrekking tot sy voorwaardes, nl. moontlikheid van keuse en onderworpenheid (gehoorsaamheid) aan behorenseise, verval nie in die genoemde antinomieë nie.

Ook op dit alles kan ons hier nie dieper ingaan nie.

e. *Die totale vryheid van die mens.*

Die mens as héle persoon staan in drieërlei verhouding, nl. tot God, kosmos (wêreld) en mens. Volgens

hierdie gesigspunte kon ons drieërlei *héle* vryheid van die mens onderskei, nl. die diens van God, liefdesorg m.b.t. die mens, en heerskappy in verhouding tot die kosmos (stof, plant, dier en mens). Hierdie drie tipes van *héle* menslike vryheid is nie tot mekaar herleibaar nie. Tog is menslike vryheid (in hierdie drieërlei verhouding) 'n eenheid, omdat die mens (nog altyd gesien volgens „die orde van die skepping") 'n eenheid is. Hierdie eenheid van menslike vryheid (om dit van die drieërlei tipes van héle menslike vryheid te onderskei) noem ek die *totále* menslike vryheid. Wat sou dít wees? Dit moet geleë wees in wat die drieërlei héle vryheid gemeenskaplik het en waarvan elk van die drie tipes van héle menslike vryheid 'n besondere uitdrukking is.

'n Kritiese ondersoek van die eksistensiefilosofie het my daarvan op die spoor gebring, al moes ek dit kon geweet het, sonder genoemde kritiese ondersoek. Heidegger, Sarte en Jaspers sien die mens as *oorspronklik vraer:* die mens moet grenseloos vra: geen vraag mag vir hom beveilig word nie; hy is wesentlik vraging. Maar dit is verkeerd; dit is 'n nuwe soort „outonomie"; laat ons dit 'n outarke „outoquarie" noem. Daarenteen vra God eerste, nie die mens nie. God het die mens eerste liefgehad; menslike liefde tot God is weder-liefde, weder-woord, antwoord. God stel die mens sy take en met taakvervulling of taakvervalsing antwoord die mens. God stel die mens die wetsorde; deur dit te gehoorsaam al dan nie antwoord die mens. Die mens is m.a.w. *oorspronklik antwoorder.* Eers in sekundêre sin, wanneer die mens die antwoord nie onmiddellik vind nie, neem hy die vraag oor; hy vra in sekundêre sin, nie in oorspronklike sin nie. En verder waar die mens verkeerd antwoord (sy taak verkrag) en sodoende die spoor byster raak, vra hy ook om weer die regte weg te vind. Maar ook dit is sekundêre vrae. En dit alles op alle lewensterreine.

As ons nou die drieërlei tipes van héle menslike vryheid vergelyk, dan blyk dit dat die moontlikheid van keuse (wat by elk van die drie voorwaarde van menslike vryheid is) op alle lewensterreine aan die mens geskenk

is. Dit is seker nie nodig om van hierdie ontelbare moontlikhede voorbeelde te gee nie? Hierbo is daarvan voldoende al genoem. Hierdie moontlikhede vind hul oorsprong nie in die mens nie, maar in God, en Hy skenk hulle aan die mens nie verniet, nie tevergeefs nie. Hulle stel hom take en „eis" as sodanig vervulling. Taakvervulling is antwoording. *Totale* menslike vryheid is menslike antwoording op sy moontlikhede. Maar daar kom 'n tweede voorwaarde by. Menslike vryheid het nie net moontlikhede van keuse as voorwaarde nie, maar ook onderworpenheid aan behorenseise. In kreatuurlik fundamentele sin is die mens oorspronklik antwoorder en is sy totale vryheid antwoording op (aktualisering van) die hom geskenkte moontlikhede volgens die behorenseise aan hom ás méns gestel, sowel waar hy God dien, waar hy in liefde sorg en waar hy oor die kosmos (wêreld) heers (en sodoende kultuur skep). Maar, religieus gesien, kom die moontlikhede sowel as die behorenseise tot die mens as 'n roep van God tot die mens om as mede-arbeiders van God op kreatuurlike wyse die skeppingsarbeid van God voort te sit tót aan sy voleinding. En dit beteken dat menslike totale vryheid religie (godsdiens in ruimer sin) is, 'n roepingsvervulling tot eer en verheerliking van God, en wel 'n (weens die voorwaarde van moontlikheid van keuse) toerekenbare (en weens die onderworpenheid aan behorenseise) verantwoordelike roepingsvervulling. En hierdie vryheid is 'n kreatuurlike afglans van die vrymag van God. Ook dit kan ons hier nie in besonderhede uitwerk nie.

Wie egter 'n slaafse vryheidsidee huldig wat menslike vryheid met moontlikheid van keuse vereenselwig, waarby die beslissing van sy keuse uitslúítlik menslike aangeleentheid is, en dit dus sý saak is of hy God sal gehoorsaam al dan nie, en waardeur hy menslike vryheid vergoddelik („soos God wil wees"), sit hom oogklappe op vir die totale vryheid van die mens as vervulling van 'n Godgegewe roeping.

Omdat die mens egter verkeerd kan kies en die behorenseise kan oortree, staan hy gedurig voor die vraag

of sy antwoord op Gods roep (d.w.s. sy roepingsvervulling) aan hierdie roep beantwoord. Hier word sy antwoording (in alle terreine van die lewe) self, via homself, 'n probleem ('n vraag). En met hierdie vraag word hy tot verantwoording geroep, waarby sy gewetensvryheid (wat ook moontlikheid van keuse en onderworpenheid aan behorenseise tot voorwaardes het) hom voor Gods aangesig en onder Gods oordeel stel.

H. G. Stoker.

1) 'n Volgende artikel handel oor *Die samehangende verskeidenheid van menslike vryheid veral m.b.t. universitêre en akademiese vryheid.* Beide besien die vryheidsvraagstuk volgens wat Calvyn „die orde van die skepping" noem. 'n Latere artikel kon handel oor *Menslike vryheid volgens* (soos Calvyn dit noem) *die orde van sondeval en verlossing.*

2) Vgl. verder o.a. my *Die kosmiese dimensie van Gebeurtenisse* (in: *Philosophia Reformata*, Kok, Kampen, Nederland, Maart 1964); *Universitêre Vryheid* (in: *Mededelingen van de Vereniging voor Calvinistische Wijsbegeerte*, Kok, Kampen, Nederland, December 1963); *Een en ander oor menslike vryheid* (in: *Festschrift — De Vleeschauwer*, Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1961); *Wysgerige Vryheid — Philosophic Freedom* (Roneodruk: Presidentsrede voor die 6de Kongres (1961) van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir bevordering van die Wysbegeerte); *Philosophic Freedom* (gedeeltelike oorname van voorgaande in: *Philosophy Today*, Vol. 2/4, 1961, Messenger Press, Carthagena, Ohio, U.S.A.); *Beginsel en Metodes in die Wetenskap*, hfst. 30 (Pro Rege-Pers Bpk., Potchefstroom, 1961); *Calvin and Ethics* (in: *John Calvin — Contemporary Prophet*, Baker Book House, Grand Rapids, U.S.A., 1959); *Die Mensbeskouing in die Wysbegeerte — Die verantwoordelike Vryheid van die Mens* (Interfakultêre lesing in: *Koers*, XXVII, 7/8); *The Case for Apartheid* (in Bulletin of the Committee on Science and Freedom, No. 9, Aug. 1957, Manchester, England *en: Correction.* No. 10); *At the Crossroads — Apartheid and University Freedom* (in: *Race Relations Journal*, XXIV, 3/4, of The South African Institute of Race Relations); *Praktiese Calvinisme* — Radiopraatjies (Pro Rege-Pers Bpk., Potchefstroom, 1956); *False Viewpoints of Human Freedom* (V.S.A.-lesing, 1946, roneo-publikasie, P.U. vir C.H.O.); *The Essence of Human Freedom* (dito); *Die Waarheid maak vry* (in: *Die Kerkblad*, 22.9.1944—7.9.1945); *Die Stryd om die Ordes* (Adm. Buro van die Geref. Kerk, 1942, Potchefstroom); *Intellektuele Vryheid* (in: *Die Gereformeerde*

*Vaandel, Stellenbosch,* II, 7); *Die idee van menslike vryheid* (in: *Jaarboek,* XIII, van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns); *Vryheid en Skrifkennis* (in: *Vryheid,* Geref. Jongeliedeverenigings van die Kaapse Provinsie, 1937).

3) Ek dink hier o.a. veral aan W. Geesinck: *Van 's Heeren Ordinantiën,* I (Kok, Kampen, Nederland); K. Dijk: *Om 't eeuwig welbehagen* én sy: *De voorzienigheid Gods,* asook sy bydraes oor *Vrijmacht* en *Vrije Wil* in *Christelike Encyclopedie,* sowel die eerste en die tweede druk; en G. Brillenburgh Wurth: *De Christelijke Vrijheid,* 1934 en sy bydrae oor *Vrijheid* in *Christelijke Encyclopedie,* tweede druk. In sommige opsigte bemoeilik my ook beskouings oor menslike vryheid van G. C. Berkouwer versprei in sy *Dogmatische Studiën.*